Burgerskap.

Kongres A.T.K.V. (S.A.S. & H.), Oos-Londen, 9 Sept. 1948.

191.T 2 (6/1)

I Twee beelde.
II Wat is burgerskap: definisie.
III Regte van burgerskap.
IV Pligte van burgerskap.
V ~~Hoe moet ons ons burgerskap uitleef?~~
~~[illegible]~~.
VI Slot: Voorstelle en besluite.

---

I Twee beelde.

Toe mnr. Botha onderwerp meegedeel het, het ek dadelik aan twee beelde — dinge wat almal van ons al in ons alledaagse lewe gesien het — gedink.
(a) Miere.
Die nes; daar borrel hulle uit. Lang strepe tot by gesogte stukkie kos. Of die pad waarlangs hulle mekaar en hulle kos hulle pad. 'n Mens kan dit maar onderbreek, maar hulle vind hulle pad weer gou.
En daar is duisende, miljoene van die mietjies bymekaar — 'n mens sou verwag dat hulle natuurlik deurmekaar sou raak, dat daar gaos sou kom, maar nooit is dit die geval nie. As 'n mens hulle miskien verstoor, is hulle tydelik skynbaar bietjie verward en deurmekaar, maar gou kom hulle weer reg.
Maar selfs as hulle verstoor word, weet hulle wat om te doen. Wanneer 'n mens in jou tuin watklei en water loop op 'n nes in; of wanneer jy miskien

'n nes oopspit — dadelik gryp elke
mietjie 'n eiertjie en dra dit na
veiligheid. Waarlik, die miere gee ons 'n
treffende voorbeeld van arbeidsaamheid,
waaksaamheid en organisasie.

(b) Bye.

Staan by 'n by-nes en slaan die bye
rondom gade. 'n Voortdurende gewerskaf,
die heeldag deur, en elkeen doen
sy plig. Daar is die koningin — die
sentrum van die swerm. Die waterdraers,
draers nie werklik waterdraers nie! — Is mannetjie-
bye. Die werkers. — groot menigte van
hulle — hulle heeldag besig. Hulle
bring die heuning voort. [illegible]
Ook die bye-staat, net soos die mier-
staat, bestaan uit drieërlei lede —
in 'n swerm gewoonlik van 50,000
tot 80,000 bye.

Maar ook hier is daar orde en reëlmaat
en elkeen ken sy werk.

Konklusie op grond van twee beelde:
Elke mier en elke by is deur die
alwyse Voorsienigheid so gemaak dat hy
by sy groep en sy soort inpas: hy
ken sy regte — gemeenskaplike voordeel —
en hy ken ook sy pligte — sy
werk wat hy moet doen. Geen mier
en geen by handel asof hy alleen
bestaan nie; as hy sy eie gang sou
gaan, sou dit die ondergang van hom
en sy soort wees. Ons kan sê die
mier en die by het elkeen sy
eie burgerskap; en dis by hulle
baie hoog ontwikkel.

II Wat is Burgerskap? — definisie.

Dit bring ons nou by ons onderwerp: Wat is burgerskap? En hoe moet ons dit uitleef.

Die mens is per slot van rekening net soos die mier en die by: hy leef ook nie alleen nie; hy pas ook in 'n samelewing of 'n staat in. Hy moet gedurig rekening hou met ander mense in sy samelewing of staat. Hy kan nie maak soos hy, as individu, wil nie. As alle mense só sou maak, sou daar gaos wees.

Burgerskap is dan niks anders nie as die hoedanigheid van die mens as volwaardige lid ~~[illegible]~~ van die maatskappy of die staat. In sy betrekkinge met sy regering en sy medemense, daarin kom sy burgerskap uit. 'n Man wat daar ver weg alleen op 'n eiland, of in 'n woestyn, of in die oerwoud woon en geen betrekkinge met 'n regering of medemense het nie, hy het geen burgerskap nie. Dus: burgerskap is die hoedanigheid van die mens as lid van die maatskappy, en nie sy hoedanigheid as enkele persoon, as individu nie.

Die woord self gee ons al die sleutel tot sy betekenis. Burgerskap kom van woord <u>burger</u>; <u>burger</u> weer van <u>burg</u>. <u>Burg</u> = 'n stad, 'n beskermde stad, soos in die Middeleeue. Burger dus inwoner van die stad. Maar groot industrieë kom op; Platteland se adel gaan agteruit;

mag van die ou stede begin te lêen; nasionale state kom op. Burger word nie meer inwoner v.d. stad nie; maar inwoner van die staat. Vandaar: burger of staatsburger. Ook so in Hollands en Duits.

Ook leersaam om op Eng. en Fr. te let. Eng.: citizen; Frans: citoyen. Kom van selfde stam: Eng. city; Fr. cité. Ook oorspr. stad v. M.E. maar vandag word dit oor op staat toegepas. Eng. citizenship; Fr. citoyenneté.

Dus in al hierdie tale het ons die begrip van burgerskap; oral slaan dit op die mens as lid van die staat, en nie as individu nie.

III Regte van burgerskap.

Hierop word gewoonlik baie klem gelê.
~~Eng.~~ Ons praat graag v. ons regte v. burgerskap; ook Holl.; Duits: Rechte der Bürgerschaft; Eng.: The rights of citizenship; Fr.: les droits de citoyen.
Wat is dié regte?
Laat ons maar na onsself kyk.
Op platteland of in stede: mag huis of grond besit.
Mag ons ambag of beroep, of bezigheid, of bedryf uitoefen.
Mag van onderwys gebruik maak.
Ook van hospitaal dienste.
Ons mag stem vir stadsraad, afd.-raad, hospitaalraad, skoolraad ens.
Mag ook lede v. daardie liggame word.
Ons ~~mag~~ kan aanspraak maak op die beskerming v. ons regte deur die staat:

As iemand ons te na kom kan ons na die geregshof gaan.
Bedrog en snaps word ons veiligheid deur die polisie gewaarborg.
Ons mag ~~of~~ ook by verkiesings van Prov. Rade en Volksraad stem; en ons kan self ook lede v. die liggame word.
Dis alles regte wat ons as burgers besit, en ons het reg om daar aanspraak op te maak. En dis ook ~~reg dat~~ ons aanspraak daarop maak.
Maar ..... nie slegs regte nie.

IV Pligte van burgerskap.
Dis miskien belangrike punt — iemand wat net heeldag oor sy regte praat is geen ware burger nie. Die burger het ook pligte, en dit moet by hom net so swaar — en liewer nog swaarder — weeg as sy regte.
Vergelyk weer nie, en by. — sien 'n mens hulle ooit ledig?
Watter pligte het ons?
Laat ons weer na onsself kyk.
Kinders: in huisgesin, in skool, in verenigings.
Ouers: onderrig v. hulle kinders, liefde vir land en volk inboesem.
Alle burgers moet hardwerkend wees (arbeid adel; ~~leë sak!~~), spaarsaam, mense van karakter wees, getrou wees aan volk en vaderland.
Moet deelneem aan plaaslike bestuur, stem uitbring vir Prov. Raad en veral vir Volksraad.
Moet in tyd van nood vir ons

vaderland opkom, selfs ons lewe op altaar van volk en vaderland lê as dit nodig is – middeleeuse ridder was klomp spreke saamvat.
Slegs by wat nie net sy regte opeis nie, maar ook sy plig doen is 'n ware burger van die land.

V Hoe moet ons, as Afrikaners, ons burgerskap uitleef?
Op regte staan; en plighte nakom.
Tal van dinge sou hier genoem kan word; nasiebewussyn, vaderlandsliefde, godsdiens, rassesuiwerheid, gesinslewe, bodemvastheid.
Van dit alles is die eerste twee van die allergrootste belang – die 2 n's – en dit sluit baie in. Laat ons nader daarop ingaan.
Nasiebewussyn. uiters belangrike punt: solank 'n volk nasiebewus is, sal hy voortbestaan; so gou (nasiebewussyn) verdwyn sal volk ook verdwyn. Pessimiste – veral naturelle, Indiërs – meen gevaar, nie ons volk sal nog te groot word en ons volk sal ondergaan, maar hulle vergeet dat ons volk groot krag het om ons kant uit, veral nasiebewussyn.
Wonderlike ontstaan van ons volk; waarin God se wil met ons volk.
Ontstaan van ons volk. Produk van Afr. bodem en Afr. gees. Gevorm nie aan hoofplaas nie maar in binneland. – 3 onderskeie distrikte.
Wanneer volk daar gevorm is, is moeilik om te sê, maar opmerklike hoe vroeg ons reeds die tekens daarvan kry: eerste vryburgers – petisie, 1658; stryd teen W. A. v. d. Stel, 1707; burgerbeweging, 1779-1783; Groot Trek, 1836 – Piet R. se manifes. Teen Trek is volk gevorm, dit weet ons; Trek is die bewys.
Afrikaners het geen ander vaderland geken nie;

dis juis die groot verskil tussen hulle en mense wat van oorsee gekom het. Vgl. Britse Setlaars van 1820 en selfs Engelssprekendes later.
Trekkers onvervalste Afr. en leef hulle nasieskap uit — daarvoor per slot van rekening het hulle alles op die altaar gelê. As vrye nasieskap aan bande gelê word dan trek hulle weer — vgl. mev. Erasmus Smit.
Ook ná Trek word Afr.-nasionalisme steeds versterk. — In Kaapland: (Boerebesk. vereniging, Afrikanerbond,) — [illegible] 1ste Afr. taalbeweging.
In republieke vryheidsoorloë: vryheid verlore, maar — troos smeding verslypsel — nasionalisme bloei op. Eindelik: 2de Afr. taalbeweging.
En in laaste 25 jaar: 'n enorme pol. bewuswording v.d. Afr. — vgl. met houding van Onze Jan om verskil uit te bring.

Só is ons Afr.-volk gevorm, en só het ons nasiebewussyn opgekom. En laat ons die Here daarvoor dankbaar wees, want hierin lê een van die grootste geheimenisse van gesonde burgerskap. Hy wat nie nasiebewus is nie, kan sy burgerskap nie op gesonde wyse uitleef nie. Daar lê die geheim: wil ons ons burgerskap uitleef, moet ons eers en veral ons nasiebewussyn voed.

Dit kan ons maklik bewys. Neem die Afrikaner wat nasiebewus is, in wie sy nasiebewussyn leef en bruis. Wat doen hy? Hy sorg dat sy kinders in sy huis 'n egte Afr. opvoeding kry.
Hy sorg dat hy in sy huis en sy omgewing getrou aan sy taal is.
Hy plaas sy kinders in Afr. med. skole.

Hy is lid en hy bly lid van sy Afrikaanse Kerk.
Hy teken in op Afrikaanse tydskrifte en hy lees Afr. boeke.
Hy stel lewendig belang in wat om hom aangaan, en hy sluit aan by verenigings wat hulle met materiële en geestelike opheffing besighou.
Hy stel belang in allerhande bestaande liggame en probeer, in die bestuur van sy land, 'n egte Afr.-stempel daarop afdruk.
Daarom waardeer hy die stemreg wat hy as volwaardige burger van die land besit. Hy gebruik dit om die gesonde Afr.-gees ook in hierdie liggame in te dra. Hy stem vir die munisipaliteit, die afdelingsraad, die Prov. Raad en die Volksraad.
U sien: die Afr. wat eg nasiebewus is, sal hierdie dinge vanselfsprekend doen, en met lus doen; maar hy wat nie nasiebewus is nie, moet gedwing aangespoor word, en selfs dan doen hy dit nog nie. Hy wat nie nasiebewus is nie, is as burger v.d. land leeg, dolleeg.
En die Duitsers het 'n spreekwoord: "Leere Sack". As ons ons burgerskap wil uitleef dan kan ons dit nie met leë sakke doen nie. Suid-Afrika, en die ganse wêreld daarbuite, het vandag nie meer plek vir leë sakke en papbroeke nie. Want: met trae hande is nog nooit volksaltare gebou nie; en slap knieë het nog nooit 'n volk na die oorwinning gedra nie. Slegs met lewende nasiebewussyn kan ons gesonde burgerskap uitleef.

Maar ons kom by die tweede w — naastediens.

Ook hierin lê die geheim van die grootheid van 'n volk. Mense wat nie met 'n egte, ware naastediens besiel is nie, sal geen egte, ware burgerskap kan uitleef nie.

Waarin is 'n volk groot — belangrike vraag. Slegs as lede v. so 'n volk waarlik tot mekaar se diens bereid is. Dan kan selfs 'n klein volk groot wees.

Volke bereik hulle hoogste prestasies wanneer hulle met ware naastediens besiel is. Ook in ons volk se geskiedenis besielende voorbeelde: Ontvangs v. Hug.; Boere van ou Kaapse binnel.; Voortrekkers na Groot Moord in Natal; Bloedrivier self, — wat naastediens kan doen; Die Helpmekaar; Die Reddingsdaadbond.

Ons is dankbaar vir hierdie voorbeelde. Maar ons weet ook: dit was nie altyd só nie: Holl. + Hugenote-kolonisten; Gideon Joubert oor Voortrekkers na moord op Liebenbergs en Vegkop; Afr. in Tweede Vryheidsoorlog. — Sê dit nie om fout te vind nie, maar sê dit in diepe besef van die behoeftes van ons volk. Ons verlede toon krag van naastediens, maar ook verwoestende gevolge van twis en tweedrag. Dink egter in dankbaarh. aan sovele van ons vaders en moeders wat waarlik tot mekaar se diens bereid was, wat as ware Afrikaners in uur van nood mekaar die hand gereik het; nie die hand met dolk nie, maar wat geloof het in tye van vermoeienis en uitputting, wat met begrip en meegevoel 'n traan van droefheid afgevee het.

ons kan niks van Joodse volk leer. Dankbaar dat baie van swakhede van Joodse volk, wie ook swakhede van ons volk is nie, maar dit kan ons tog van hulle leer, hoe ons mekaar kan dien en help. Het u al gehoor van 'n Jood wat sy mede-Jood se graf grawe? wat sy mede-Jood uitmaak? of wat geld sal verdien deur sy mede-Jood in die tronk te laat beland? Dink daaroor na.

Van naastediens kan ons nou net dieselfde sê wat ons van rassebewussyn gesê het: hy wat nie met 'n gees van naastediens besiel is nie, kan sy burgerskap nie op gesonde wyse uitleef nie. Hier is die tweede groot geheim: wil ons ons burgerskap uitleef, moet ons ook veral ons strewe na naastediens voed.

Ook dit kan maklik begryp word. Neem die Afr. wat sy ^behore daarin wil om sy^ wedermens help en dien. Wat doen hy? Hy het niks voor vir sy wedermens, veral sy mede-Afr. Waar die nood aan die man is, help hy. Waar broodsgebrek bestaan, deel hy mee. Waar siekte heers, verpleeg hy. Verenigings wat bejaardigheid doen, steun hy: hy is lid, ~~hy kom op die bestuur of~~ hy gee sy bydrae. Hy is die raadsman van alwat raad nodig het; en geen huis is te klein of te armoedig (Vader-Tweene) vir hom om binne te gaan nie. By die verenigings van sy omgewing sluit hy aan, as gewone lid en ~~nie net om op~~ die bestuur te dien ~~nie~~. Beroepsverenigings – A.T.K.V. Hy weet hy is burger van sy land en lid van sy volk, en hy besef sy

hoë roeping om sy land en sy volk te dien. Hy sê nie in toorn: Ek is nie my broer se oppasser nie! Inteendeel: hy bely voor God: Ek is verantwoordelik vir my broer. Dink na wat (tot verdelende invloed) só 'n lewende naastediens op die burgerskap van 'n volk kan hê: nie elkeen vir homself nie, maar almal vir elkeen en elkeen vir almal. Die burgers word heg saamgesnoer; die volk word 'n organiese eenheid.

Almal sê nie altyd só nie, ons weet dit. Maar dis tog opmerklik hoe hulle wat soms net aan hulself dink in ellende en vernedering tot nadenke gebring word. 'n Paar jaar gelede vertel iemand my op 'n groot Dingaansfeesviering: dit was in 1932 in die groot depressietyd; baie mense het uitgeraak. Hulle moes 'n heenkome vind; net graaf en pik het hulle teen 3/6 per dag op die paaie gaan werk. Toe word daar op die feesviering 'n kollekte gehou om die mense se nood te lenig. Baie het minstens bygedra, maar één man, nogal 'n man van aansien: „Ek gee niks nie; dis van slegtigheid dat hulle uitraak; die mense is sleg; dis van slegtigheid dat hulle op die paaie loop!" Vyf jaar later is daar op dieselfde plek weer Dingaansfees gevier. Toe loop daardie selfde man op die pad vyf myl daarvandaan — teen 'n paar shillings per dag.

'n Volk wat geen naastediens ken nie, kan geen lewende, verheffende burgerskap hê nie. Ons beroep ook opnuut die

waarheid) van die les van ons Groot Meester: ... die tweede, wat hiermee gelykstaan, Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

## VI Slot: Voorstelle en Besluite.

Moet ek nog verder gaan. Aan begin ook ander pligte van burgerskap genoem: godsdiens, rassuiwerheid, gesinslewe ens. Dis ook belangrike dinge hierdie. Neem godsdiens bv.: Afr. wat vasstellig geword het, hoe hulle hul Bybel geloof en gestryd het — ~~De la Rey~~ Maritz, Kruger, De la Rey. Maar die tyd ontbreek.

Ook nog baie ander dinge bv. die verskil tussen burger en onderdaan; burgerskap en onderdaanskap; is naturel ook 'n burger van land? is Kleurling 'n burger? ens. Miskien vrae hiervoor?

Wat kan A.T.K.V. doen?

Voorstelle:—

1. Die Kongres erken die noodsaaklikheid dat sy lede 'n duideliker begrip van die waarde van gesonde, lewende burgerskap moet hê.

2. Die Kongres dra aan die Uitvoerende Raad op om by alle Takke aan te dring op die ~~[illegible]~~ bevordering van bv. rassebewussyn, naastediens, godsdiens en die gesinslewe, ten einde aldus gesonde burgerskap op te bou en te versterk.

3. Die Kongres versoek die Uitvoerende Raad ~~[illegible]~~ om 'n vir die oog begryplike, kort en saaklike [vir voorligting te] leidraad op te stel en, ~~tot~~ beskikking van Takke te plaas.

3. Die Kongres vra die Uitv. Raad om die woordtekenaars van 'n uitgebreide boekeskema

te ondersoek, waardeur ~~geskikte betalings~~ veral goeie Afrikaanse boeke binne die bereik van lede gebring kan word.
(— Sien beleggingsplan van Bloemfontein, p. 9.
Daar kan met uitgewers 'n ooreenkoms getref word; boeke kan ~~aan~~ tokke geleen word ens.)
4. A.T.K.V. moet aanhou ledewerf (reeds 48,000; moet nog meer word).
Eindelik: wat ons ook al doen — ons nasiebewussyn versterk, ons vooruitgang bevorder — laat ons steeds positief optree. Laat ons nie negatief wees nie: laat ons nie die kultuurgoedere van ander verkleineer of slegmaak om ons eie te verhef nie. Laat ons nie andere slegmaak om onsself te bou nie. Want: Hy wat 'n ander jaag, staan self nie stil nie! en: Hy wat 'n ander onderkruip, is self ook plat! Laat ons op ons eie staan: ons nasieskap, ons vooruitgang, ons taal, ons kerk. Maar laat ons steeds grootmoedig wees. Dan bou ons waarlik mee aan die toekoms; en dan kan 'n klein volk nog 'n groot onsterflike volk word.
Dan sal twis en tweedrag, selfbelang en selfsug, ook plekmaak vir samewerking, offervaardigheid en liefde. Afrikaners sal Afrikaners vind, en saam sal hulle werk vir Suid-Afrika. Burgers van één land, sal hulle één groot, omvattende, sterke burgerskap hê, wat hulle vorentoe sal laat beur; vorentoe, die berge uit na die toppe toe; na die hoë toppe,

daar waar hulle die vergesigte sal kry, daardie pragtige vergesigte van 'n gelukkige, verenigde, bloeiende Suid-Afrika.

Burger + burgerskap.

Burger, of liewer Staatsburger, is volgens Van Dale, „iemand die burgerrechten in een staat heeft".

Eng.: citizen: inhabitant of a city; member of a state; citizenship = the rights of a citizen.

Frans.: citoyen – selfde as Eng. citizen. Droits de citoyen = rights of citizenship. citoyenneté = citizenship.

Duits: Bürger = burger. Bürgerschaft = burgerwees. Ook Staatsbürger = soos Ned. staatsburger.

Standard Dictionary of the English Language sê o.a. oor citizen: „a member of a nation or sovereign state, especially of a republic; one who owes allegiance to a government and is entitled to protection from it": opposed to alien".

Vergelyk ook na gebruik van woord in Fr. ten tyde van Revol. as 'n aanspreekvorm, wat alle klasse-onderskeid oorskry, en van buitengewone demokr. + gelykheid getuig.

Winckler Prins: Burger. Men duidt met dit woord, dat gevormd is van burg (in de beteekenis van stad) den inwoner eener stad aan, later echter ook den deelgenoot van een staatsgemeenschap. Toen de macht der steden bij de opkomst van de grootindustrie begon te tanen, gaat de nationale staat haar plaats innemen. ––– De plichten en rechten van den staatsburger worden dan bij de wet nader vastgesteld.

---

Bye: 3 soorte (a) Koningin, (b) Waterdraers. Hulle dra nie water nie; is mannetjies wat nuwe koninginne bevrug wanneer die' die nes verlaat om

(2.

nuwe swerms te stig. (c) Wesens. Groot menigte van stalle. Halle is in welbekende moontlike uitgifte. 'n Bynes is 'n sosiale staat waaraan duisende, soms vyftigduisend tot tagtigduisend bye behoort.

---

Vroeër – d.i. van Middeleeue tot eerste helfte van 19de eeu – was die opvatting nog algemeen dat net 'n klein klompie mense in die staat burgers is. Bekende Amerikaanse skrywer, Carl Brinkmann, sê veelal is beskou as burgers „who share the exclusive enjoyment of economic advantages and the exclusive responsibility for the political management of the community" [Encycl. of the Soc. Sciences, III, p. 471]. Hierin sien ons veel van die ou Rom. opvatting.